Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

BESIGHEIDSTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en let op wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae wat in AFDELING B gekies is en die antwoorde op die EERSTE vraag wat in AFDELING C gekies is, nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n riglyn vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe-tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ’n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – NUWE bladsy, VRAAG 2 – NUWE bladsy.

8. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 ’n Waterpomp by die verf- en bedekkingsvervaardiger het ontplof. ’n ... leierskapstyl moet toegepas word.

A Charismatiese
B Outokratiese
C Transaksionele
D Demokratiese

1.1.2 Zizo, ’n versekeringsmakelaar, behoort … tydens haar aanbieding.

A ’n goeie verhouding met aanbieders te handhaaf
B doelwitte wat nie bereik is nie, te hersien
C geskikte opskrifte te gebruik
D kritiek van kollegas te ignoreer

1.1.3 ’n Skriftelike uitnodiging aan die publiek om aandele te koop staan as ’n ... bekend.

A ooreenkoms
B prospektus
C memorandum van inkorporering
D sertifikaat van registrasie

1.1.4 Hanna se bestuur luister na die werknemers, maar laat hulle weet dat hulle in beheer van die situasie is. Dit is een manier om ’n ... persoonlikheid te hanteer.

A klaer
B stil
C kenner
D aggressiewe

1.1.5 Die bestuurder gebruik ... wanneer hy met kundige ontwerpers kontak maak om ’n vraelys te voltooi oor hoe om die ontwerp te verander.

A die Delphi-tegniek
B ’n dinkskrum
C die nominale groeptegniek
D kragveld-ontleding

(5 x 2) (10)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

sosiale verantwoordelikheid; konsekwentheid; kulturele; konflik; herinbesitstelling; kontinuïteit; sosiale; korporatiewe sosiale belegging; awery; griewe

1.2.1 Die versekeraar sal die ...-klousule toepas wanneer bates vir minder as hul markwaarde verseker word.

1.2.2 Besighede met … het die vermoë om te bestaan selfs al vind ’n verandering van eienaarskap plaas.

1.2.3 Besighede wat ’n etiese standpunt het wat sê dat elke organisasie die samelewing as geheel moet bevoordeel, oefen …

1.2.4 Shirley, ’n ongelukkige werknemer, het die ... -prosedure gevolg toe sy ’n werkverwante probleem mondelings aan haar toesighouer rapporteer het.

1.2.5 Bestuurders by Sweepers Tech Maatskappy bevorder ... regte deur die werkers toe te laat om hul eie taal tydens hul middagete te gebruik.

(5 x 2) (10)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Leierskap	A	aandeelhouers het 'n voorkeureis op maatskappybates in die geval van bankrotskap
1.3.2	Gewone aandele	B	spanlede fokus op die voltooiing van 'n taak
1.3.3	Misbruik van werkstyd	C	identifiseer potensiële gevare in die werkplek
1.3.4	Ontbinding	D	gebruik mag as gevolg van hul kennis en vaardigheid
1.3.5	Gesondheids- en veiligheids-verteenwoordigers	E	besighede moet opleiding oor die inhoud van die etiese kode aanbied
		F	identifiseer potensiële gevare deur persoonlike beskermende klere in die werkplek te verskaf
		G	spanlede versamel inligting oor mekaar
		H	aandeelhouers is die laaste wat betaal word as die maatskappy bankrot verklaar word
		I	besighede moet gereelde oudits uitvoer
		J	gebruik mag as gevolg van die gesagsposisie

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ’n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ’n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ’n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER voorbeelde van korttermynversekering. (4)

2.2 Beskryf kortliks die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitsbeurs (JSE). (6)

2.3 Identifiseer die leierskapteorie in ELKEEN van die stellings hieronder wat deur Moodley gebruik word om sy werknemers te bestuur:

2.3.1 Moodley gebruik verskilllende leierskapstyle in verskillende omstandighede. (2)

2.3.2 Hy moedig sy werknemers aan om kreatief te wees en nuwe maniere om dinge te doen, te ondersoek. (2)

2.4 Verduidelik aspekte wat oorweeg moet word wanneer ’n multimedia aanbieding ontwerp word. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

NOMA SE KLUB (NK)

NK is versoek om ’n aanbieding oor die finansies van die klub voor te berei. Hy het skyfies gebruik wat op ’n skerm geprojekteer is. Hy het ook aan die begin van die sessie gedrukte kopieë van sy aanbieding aan die gehoor uitgedeel.

Identifiseer TWEE visuele hulpmiddels wat van toepassing is op NK. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

VISUELE HULPMIDDELS	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

2.6 Bespreek hoe die volgende kriteria tot die sukses en/of mislukking van ’n privaatmaatskappy kan bydra:

2.6.1 Wetgewing (4)

2.6.2 Kapitaal (4)

2.7 Stel die rol van ’n persoonlike houding in suksesvolle leierskap voor. (6)

[40]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige VIER voorbeelde van professionele gedrag. (4)

3.2 Beskryf kortliks die verantwoordelikhede van werknemers in die bevordering van gesondheid en veiligheid in die werkplek. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DEE ONDERNEMINGS (DO)
DEE Ondernemings is in 'n armoedegeteisterde gebied geleë, waar mense nie basiese behoeftes kan bekostig nie. Baie mense in die gemeenskap is werkloos. Werknemers by DO wat met MIV/Vigs leef, is dikwels van die werk afwesig.

3.3.1 Noem TWEE sosio-ekonomiese kwessies wat in die scenario hierbo op DO van toepassing is. (2)

3.3.2 Bespreek die impak van korporatiewe sosiale belegging (KSB) op besighede. (6)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

FINANSIËLE KAMPIOENE (FK)
Finansiële Kampioene het 'n groep rekenmeesters suksesvol gewerf om die plaaslike regering met hul finansiële rekeningkunde te help. Konflik ontstaan tussen spanlede . Die leier vertrou die span en vermy inmenging in die span se bedrywighede.

Identifiseer TWEE stadiums van spanontwikkeling wat van toepassing op die scenario hierbo, is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.4 te beantwoord.

STADIUMS VAN SPANONTWIKKELING	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.5 Bespreek die belangrikheid van spandinamikateorieë in die verbetering van prestasie. (6)

3.6 Onderskei tussen *probleemoplossing* en *besluitneming*. (4)

3.7 Beveel maniere aan waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke kan bevorder. (6)

[40]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem VIER beleggingsvorme. (4)

4.2 Beskryf kortliks die karaktereienskappe van ’n maatskappy sonder winsbejag. (6)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NUL PLASTIEKVERVAARDIGER (NP)
Nul Plastiekvervaardiger is besig om hulle surplusfondse te belê. Hulle het die opbrengs op belegging en inflasiekoers in die verskillende beleggingsopsies oorweeg. NP het ook ’n waagkapitaal as die beste geleentheid om hul besigheid uit te brei, geïdentifiseer.

4.3.1 Noem TWEE faktore in die scenario hierbo wat NP moet oorweeg wanneer ’n beleggingsbesluit geneem word. (2)

4.3.2 Verduidelik waagkapitaal as ’n tipe beleggingsgeleentheid. (4)

4.4 Beveel situasies aan waarin laissez-faire/vrye-teuels in die werkplek toegepas kan word. (4)

BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem enige VIER ekonomiese regte van werknemers in die werkplek. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GESONDHEIDSOPLOSSING (GO)
Gesondheidsoplossings is ’n groot maatskappy wat ’n omvattende reeks gesondheidsorgoplossings bied. Die bestuur van GO het die voor- en nadele van die verandering van die besigheidstruktuur gelys.

4.6.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur die GO in die scenario hierbo toegepas word. (2)

4.6.2 Verduidelik hoe die besigheid die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer is, kan toepas. (4)

4.7 Bespreek maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hul gemeenskappe te verbeter. (6)

4.8 Gee raad aan die besigheid oor die voordele van diversiteit in die werkplek. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die gekose vraag duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op ’n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op ’n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op ’n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: VERSEKERING)

Sommige besighede is nie goed vertroud met die verskille tussen oor- en onderversekering nie. Besighede is wetlik verplig om te verseker teen sekere risikos wat mag of nie voorkom nie. Versekering bied baie voordele aan besighede. Die kontrak tussen die versekerde en die versekeraar moet op sekere beginsels gebaseer wees.

Skryf ’n opstel oor beleggingsversekering waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf die verskille tussen *oor-* en *onderversekering*.
- Verduidelik die volgende tipes verpligte versekering:
  - Padongelukkefonds (POF)
  - Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF).
- Bespreek die voordele van versekering vir die besigheid.
- Adviseer besighede oor skadeloosstelling/indemnifikasie as ’n beginsel van versekering. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (ETIEK EN PROFESSIONALISME)

Daar word van besighede vereis om hul bedrywighede op ’n etiese en professionele wyse uit te voer. Die King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur verskaf riglyne oor hoe besighede eties en professioneel moet optree. Besighede moet weet hoe effektiewe sakepraktyke uitgevoer moet word. Onetiese sakepraktyke sal ’n negatiewe impak op sakebedrywighede hê.

Skryf ’n opstel oor etiek en professionalisme waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskil tussen *etiese* en *professionele gedrag*.
- Verduidelik hoe besighede die volgende King-kode-beginsels kan toepas:
  - Deursigtigheid
  - Verantwoordbaarheid
- Bespreek maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk uitgevoer moet word.
- Stel voor hoe onbillike advertensies, as ’n tipe onetiese sakepraktyk, uitdagings vir besighede inhou. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.